

God is ons Bruidegom. Is ons getrou aan Hom?

Teksgedeelte: Hos 4: 1 - 14

Teksvers: Hos 4: 6

Tema: God is ons Bruidegom. Is ons getrou aan Hom?

Braam Krüger

As mens die boek Hosea lees, is dit amper asof jy 'n waarskuwing voorop wil plaas: Nie geskik vir persone onder 18 nie! God beveel die profeet om met 'n prostituut te trou, sy loop weg, hy moet haar weer loskoop by 'n ander man! Hoe leer jy jou kinders dat God iemand (in ons idioom: 'n dominee!) aansê om met 'n prostituut te trou.

Dit gaan nie vandag oor al daardie vrae nie, maar oor die betekenis van hierdie beeld wat Hosea gebruik. God word voorgestel as die Bruidegom, Israel (Noordelike Ryk) is die bruid. Maar die Noordelike Ryk (Efraim of Israel genoem) het weggebreek van die suide, selfs oorlog gemaak teen die suide (Juda). En hulle begin hulle eie heiligdomme(tempels) bou. Hier aanbid hulle nie soos meer soos die Here voorgeskryf het nie, maar met bykomende elemente van die omliggende volkere se godsdiens ingebou in hulle aanbidding. Baäl kry 'n prominente plek, Asjera, Astartes, en heilige boomstompe op baie van die heuwels. Daar is selfs tempelprostitute by die heiligdomme.

Hierdie toedrag van sake, profeteer Hosea, is te vergelyke met 'n bruid wat haar Bruidegom verraa. As mens Hosea 2 lees, dan sien jy hoe God as't ware geteken word as 'n jaloerse man! Aan die **een kant** is daar die liefde: "Kom terug!" **Maar aan die ander kant:** Ek wil jou skande openbaar maak, ek wil jou laat voel wat ek voel! Enige persoon wat al die situasie van huweliksontrou beleef het sal weet hoe die emosies en gewaarwordinge oor jou spoel. God ervaar ons só as ons ander liefhebbers (*paramours*) het.

Hoor die Here in 11: 8 "Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig soos Adma, met jou maak soos met Sebojim? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk".

Dit is in hierdie konteks wat Hos 4: 6 gelees moet word ("My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis" 33-vertaling). Ons gebruik dit graag om kommentaar te gee op politieke toestande en misdaad, maar dit gaan oor God se volk van die Ou Testament, in die NT – óns, die kerk. Ons gaan te gronde as gevolg van 'n gebrek aan kennis!

Die woord wat hier gebruik word vir "kennis" is in Hebreeus *da'at*. Hierdie dui nie op blote verstandskennis nie, maar waarnemings (vanuit die Woord en 'n leef saam met God) wat in jou hart (=siel) neerslag vind. Dit is die dinge wat in jou wese, in jou siel kom lê. In die hart waaruit die "uitgange van die lewe" is. Dit praat van 'n verhouding met die Here. Uitwendige godsdiens ken nie só 'n kennis nie. Uitwendige godsdiens gaan oor rituele, tradisies, wat nagekom word oor wie-weet-watter redes.

Ou Israel was by (afwykende) rituele, maar nie by die Here nie! Hulle het nie "kennis van die Here" nie. En die gevolg is dat sosiale onreg gedy, dat die Woord van God nie uitgedra, uitgeskyn word nie. In Hos 7:16 16 word Israel vergelyk met 'n slap boog (bedrieglike – 33-vertaling) in die hand van 'n soldaat. Jy kan nie daarmee oorlog toe gaan nie. Israel het vir God nutteloos geword.

As Nuwe-Testamentiese kerk moet ons self voortdurend toets. Een manier om dit te doen is om te vra na ons motiewe. Hoekom doen ek (godsdiens) pligte of take? Is dit om God te verheerlik, of een of ander voordeel wat ek kry?

Geen mens is in staat om altyd opreg en suiwer te wees nie. Die Here het Israel in ballingskap laat gaan oor hulle onvermoë en ons moes die ewige dood sterf. Maar die Here se genade en liefde is groot! In 14: 5 word geprofeteer: "Ek sal hulle ontvou genees. Ek sal hulle van harte liefhê. Wanneer my toorn van hom afgewend is, sal Ek vir Israel wees soos die dou." Hierdie profesie is bewaar toe Jesus eeue later sy dissipels uitstuur met 'n opdrag: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." (Hd 1:8). Die verstrooide en agtergeblewe Israeliete hoor die boodskap! Dit is nie jou getrouheid nie, maar die genade van die Bruidegom! Hy kom haal ons, lei ons met liefdevolle oorgawe terug tot by Hom.

Kom ons dink ook hieraan as ons voorberei vir nagmaal op 15 Mei.